Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

# Provincial Gazette Extraordinary

8096

*Friday, 10 May 2019*

PROVINSIE WES-KAAP

# Buitengewone Provinsiale Koerant

8096

*Vrydag, 10 Mei 2019*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

## CONTENTS

(*Copies are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)*

Page

**Local Authority**

Western Cape Gambling and Racing Board: Notice .......... 2

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

## INHOUD

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)*

Bladsy

**Plaaslike Owerheid**

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Kennisgewing .......... 3

## WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD

## NOTICE

**IN TERMS OF THE PROVISIONS OF SECTION 32(2) OF THE WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING ACT, 1996 (ACT 4 OF 1996) ("THE ACT"), AS AMENDED, THE WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD HEREBY GIVES NOTICE THAT THE FOLLOWING APPLICATIONS FOR A BOOKMAKER LICENCE, AS PROVIDED FOR IN SECTIONS 27(k) AND 55 OF THE ACT, A BOOKMAKER PREMISES LICENCE, AS PROVIDED FOR IN SECTIONS 27(kA) AND 55(A) OF THE ACT, AND IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE NATIONAL GAMBLING ACT, 2004 ("THE NATIONAL ACT"), AS AMENDED, AN APPLICATION FOR A NATIONAL MANUFACTURER LICENCE AS PROVIDED IN CHAPTER 3 (PART B) (38) OF THE ACT, HAS BEEN RECEIVED.**

| | |
|---|---|
| Applicant for a new Bookmaker licence: | Lottomax (Pty) Ltd—A South African registered company |
| Registration number: | 2018/215294/07 |
| Persons holding a 5% or more direct financial interest in the Applicant: | Mr. Christopher John Hayden Green (40%)<br>Mr. Adriaan Jacobus Du Randt (40%)<br>Mr. Lance Martin Michael (20%) |
| Persons holding a 5% or more indirect financial interest in the Applicant: | Mr. Christopher John Hayden Green (40%)<br>Mr. Adrian Jacobus Du Randt (40%)<br>Mr. Lance Martin Michael (20%) |
| Business address of proposed Bookmaker: | Unit 61 at 60 Millennium<br>Business Park,<br>Edison Way,<br>Century City,<br>Western Cape<br>7441<br>Erf Number: 6227 |

Section 33 of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (hereinafter "the Act") requires the Western Cape Gambling and Racing Board (hereinafter "the Board") to ask the public to submit comments and/or objections to gambling licence applications that are filed with the Board. The conduct of gambling operations is regulated in terms of both the Act and the National Gambling Act, 2004. This notice serves to notify members of the public that they may lodge objections and/ or comments to the above application on or before the closing date at the below-mentioned address and contacts. Since licensed gambling constitutes a legitimate business operation, moral objections for or against gambling will not be considered by the Board. An objection that merely states that one is opposed to gambling without much substantiation will not be viewed with much favour. You are hereby encouraged to read the Act and learn more about the Board's powers and the matters pursuant to which objections may be lodged. These are outlined in Sections 28, 30, 31 and 35 of the Act. Members of the public can obtain a copy of the objection guidelines, which are an explanatory guide through the legal framework governing the lodgement of objections and the Board's adjudication procedures. The objection guidelines are accessible from the Board's website at www.wcgrb.co.za and copies can also be made available on request. The Board will consider all comments and objections lodged on or before the closing date during the adjudication of the application.

In the case of written objections to an application, the grounds on which such objections are founded must be furnished. Where comment in respect of an application is furnished, full particulars and facts to substantiate such comment must be provided. The name, address and telephone number of the person submitting the objection or offering the comment must also be provided. Comments or objections must reach the Board by no later than **16:00** on **Friday, 31 May 2019**.

**Postal address:**
The Chief Executive Officer
Western Cape Gambling and Racing Board
PO Box 8175
ROGGEBAAI
8012

**Street address**
The Chief Executive Officer
Western Cape Gambling and Racing Board
MWEB Building
100 Fairway Close
PAROW

Fax No: +27 (0)21 422 2602

E-mail to: **Objections.Licensing@wcgrb.co.za**

10 May 2019 57807

**WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE**

**KENNISGEWING**

**KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 32(2) VAN DIE WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 1996 (WET 4 VAN 1996) ("DIE WET"), SOOS GEWYSIG, GEE DIE WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE HIERMEE KENNIS DAT DIE VOLGENDE AANSOEKE OM 'N BOEKMAKERLISENSIE, SOOS BEOOG IN ARTIKELS 27(kA) EN 55 VAN DIE WET, OM 'N BOEKMAKERPERSEELLISENSIE, SOOS BEOOG IN ARTIKELS 27(k) EN 55(A) VAN DIE WET, EN KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN DIE NATIONALE WET OP DOBBELARY, 2004 ("DIE NATIONALE WET"), SOOS GEWYSIG, 'N AANSOEK OM 'N NASIONALE VERVAARDIGERLISENSIE SOOS BEOOG IN HOOFSTUK 3 (DEEL B)(38) VAN DIE WET, ONTVANG IS.**

| | |
|---|---|
| Aansoeker vir nuwe Boekmakerlisensie: | Lottomax (Edms) Bpk—'n Suid-Afrikaans geregistreerde maatskappy |
| Registrasienommer: | 2018/215294/07 |
| Persone wat 'n direkte geldelike belang van 5% of meer in die Applikant het: | Mr. Christopher John Hayden Green (40%)<br>Mr. Adriaan Jacobus Du Randt (40%)<br>Mr. Lance Martin Michael (20%) |
| Persone wat indirekte geldelike belang van 5% of meer in die Applikant het: | Mr. Christopher John Hayden Green (40%)<br>Mr. Adriaan Jacobus Du Randt (40%)<br>Mr. Lance Martin Michael (20%) |
| Besigheidsadres van voorgenome Boekmaker: | Eenheid 61 te 60 Millennium<br>Business Park,<br>Edison Way,<br>Century City,<br>Wes-Kaap<br>7441<br>Erf Nommer: 6227 |

Artikel 33 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (hierna "die Wet" genoem) bepaal dat die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (hierna "die Raad" genoem) die publiek moet vra om kommentaar te lewer op en/of besware aan te teken teen dobbellisensie-aansoeke wat by die Raad ingedien word. Dobbelwerksaamhede word kragtens die Wet sowel as die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 gereguleer. Hierdie kennisgewing dien om lede van die publiek in kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoek. Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheids bedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant is sonder veel stawing sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in Artikels 28, 30, 31 en 35 van die Wet uitgestippel. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking verduidelik van die regsraamwerk wat die indiening van besware, publieke verhore en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word.

In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word. Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word. Kommentaar of besware moet die Raad bereik nie later nie as **16:00** op **Vrydag, 31 Mei 2019.**

**Posadres:**
Die Hoof- Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Posbus 8175
ROGGEBAAI
8012

**Straatadres:**
Die Hoof- Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
MWEB Gebou
Fairwayslot 100
PAROW

Faksnr.: +27 (0)21 422 2602

Eposadres: **Objections.Licensing@wcgrb.co.za**

10 Mei 2019 57807